

Woensdag 29 April

Skrifgedeelte: Matteus 15:1-9

Fokusgedeelte: Matteus 15:2, 9

Nie menslike reëls nie ... dit is nie diens aan God nie!

Jesus se prediking op aarde het in besonder ingehou dat Hy as die ewige Koning sy hemelse koninkryk aan mense hier op aarde verkondig. Wanneer en waar Hy besig was met sy bediening, het baie mense Hom gevolg en na Hom geluister.

Hier lees ons dat daar 'n klompie baie belangrike mense van Jerusalem gekom het en met Jesus kom praat het. Nie oor die bediening van sy hemelse koninkryk nie, want daarteen kon hulle niks sê nie. Hulle is skrifgeleerdes en Fariseërs wat die wet tot die letter gehou het – en sommer nog 'n paar wette rondom die Wet neergelê het. Hulle kom na Hom met aanvalle en kritiek, wat daarop gemik is om Jesus verdag te maak by die volk.

Vir hulle gaan dit nie oor wat God wil hê nie, maar eerder om te wys op dit wat hulle sê Jesus verkeerd doen. *“Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte? As hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie.”* Dit gaan dus nie oor wat God wil hê nie, maar eerder oor wat vir die Fariseërs en skrifgeleerdes swaarder weeg. Die oorgelewerde gebruike waarna hulle verwys, is deel van daardie selfgemaakte wette en reëls wat rondom die Wet van God gebou is.

Jesus gebruik hulle selfgemaakte reëls om hulle te wys hoe verkeerd hulle optree en ongehoorsaam is aan God. Om leerstellings van mense as gebooi van God voor te hou, is om self god te wil wees. Het Jesus sy eie reëls gemaak toe Hy vir jou sondeskuld verhoor, gevonnissen en gekruisig is? Nee! Hy het aan God gehoorsaam gebly ter wille van jou.

Moenie God probeer dien met leerstellings van mense nie, maar leef in dankbaarheid naby aan Hom omdat Jesus jou met God versoen het. Dra só die boodskap van die hemelse Koninkryk uit.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. MP Fourie (MP) (Emeritus)